

PULA IMVULA

GROWING FOOD • PEOPLE • PROSPERITY



BEMARK jou mielie-oes

KLEINBOERE MOET HULLE MIELIES-OES BEMARK OF STRATEGIES VERBRUIK OM DIE GROOTSTE VOORDEEL TE SKEP. OOR DIE AFGELOPE PAAR SEISOENE IS GRAAN SA SPANLEDE BEMOEDIG DEUR DIE VOORUITGANG VAN BESTAANSBOERE EN KLEINBOERE WAT DEELGENEEM HET AAN DIE PROGRAM.

Ten spyte van moeilike omstandighede in sommige gebiede, verbeter hierdie boere hul landboupraktike en ontdek die onbenutte potensiaal van hul lande. Die geheim lê daarin om die regte ding, op die regte tyd,

op die regte manier te doen. Ons het gesien hoe die boere wat uit die ervaring van hul mentor leer – en dan die raad in die praktyk toepas – diene is wat die vinnigste verbeter.



Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com



Bemark jou mielie-oes

WAT MOET EK WEET WANNEER EK BEPLAN OM MIELIES TE BEMARK?

MIELIES HET 'N VOORRAADPRYS WAT DAAGLIKS VERANDER

Hierdie prys verwys na die huidige markprys op die dag waarop jy jou graan wil koop (of verkoop). Hierdie inligting kan gevind word by jou plaaslike agribesigheid/silobestuurder, of selfs op die tuisblad van Graan SA, www.grainsa.com.

DIE MIELIEPRYS WORD BEÏNVLOED DEUR MARKKRAGTE SOOS VRAAG EN AANBOD

Hoe lyk die vraag na mielies in jou area? Kan jy plaaslik lewer wat jy geproduseer het, of moet jy dit ver vervoer en 'n vervoerkoste bereken? Kan jy dit self berg en dit stelselmatig verkoop? Kan jy die gewas in jou eie huishouding verbruik en/of waarde toevoeg aan jou gewas deur jou eie pluimvee en vee te voer? Moet jy die graan in sakke gooi en weeg om beter beheer oor jou graangewas te verseker en dit makliker maak om te stoor en verkoop?

GRAANBERGING KOM TEEN 'N PRYS

As jy die graan hou, hoe sal jy dit stoor? Daar is beide **koste en risikofaktore** om te oorweeg wanneer mielies gestoor word.

- Dit is belangrik om te oorweeg hoe en waar jy jou mielies veilig kan berg, sodat daar geen verlies of besoedeling van die graan is nie. Oorweeg die koste van berging. Baie plaaslike meulenaars en silo fasiliteite sal jou graan veilig berg vir 'n daaglikse tarief. Oorweeg hierdie koste teenoor die koste van risiko's wanneer jy graan self berg.
- As jy kies om die graan self te stoor, moet jy seker wees dat die bergingsfasiliteit veilig is teen diefstal, knaagdiere, of insekte en vog.
- Weet jy van die risiko van besoedeling van mikotoksiene? Die verbruik van besmette graan kan 'n ernstige gesondheidseffek op mense en vee hê, insluitend keelkanker by mense, onvrugbaarheid en abortsie by diere en ander senuwee ongesteldheid by lewende hawe. Een van die stadiums waarop graan besmet kan word, is indien dit gestoor word wanneer die vogvlakke nog te hoog is, of as die bergingsfasiliteit nie waterdig is nie en die gestoorde graan op enige manier klam word. *Pula Imvula* bydraers het baie artikels oor die bestuur van mikotoksiene geskryf. Sleutelpunte na oes wat uitgelig is, is die volgende:
 - Oes jou koring slegs wanneer die vogvlakke laag genoeg is en die oes heeltemal volwasse is. Graanpitvog moet onder 14% wees.
 - Maak seker dat al jou gereedskap, voertuie wat graan vervoer en houters wat graan opberg, skoon, droog en vry van insekte, grond en swamgroeie is.
 - Moenie die oes in hope stapel wat klam bly, of hitte binne-in opbou nie.
 - Sorteër die graan en verwyder beskadigde pitte en enige ander vreemde materiaal.
 - Maak seker die stoorfasiliteit is droog en goed geventileer en beskut teen reën en klammigheid. Die stoor moet nie blootgestel word aan uiterste temperatuur veranderinge nie.
 - Alle bergingsakke moet skoongemaak word en droog wees. Dit is beter as jy die sakke netjies op houtpallette of pale kan stapel om ventilasie te help verseker.
 - Indien jy onseker is, onthou dat jy altyd 'n monster van die graan na jou naaste silo kan neem en hulle vra om vogvlakke vir jou te toets.

'N BOODSKAP DEUR...

Sinelizwi Fakade

SOOS DIE SPREEKWOORD SÊ, BETER LAAT AS NOOIT! DIT IS PRESIES DIE GEVAL VIR OOS-KAAPSE GRAANBOERE EN DALK BOERE REGOOR DIE LAND. VANAF 'N SEISOEN WAT GEKENMERK WAS DEUR SWAK REËN, LAAT PLANTDATUMS, WISSELVALLIGE BRANDSTOFPRYSE EN POLITIEKE ONSEKERHEID, HET DIE ALGEMENE VOORUITSIG VIR DIE SEISOEN DRAMATIES TEN GOEDE VERANDER.

Ons het statisties die produksieskattings vir elke graangewas wat geplant is, herhaaldelik ontleed en ons kon inderdaad beter presteer het. Dit moet egter genoem word dat die laat reëns wat die situasie omgekeer het, die voorspellings beïnvloed het en dat die prentjie beslis beter is.

Oesskattings het verbeter, veral met die mielie-oes in die Oos-Kaap, wat 'n merkwaardige herstel na 'n lang droë periode getoon het. Boere in die provinsie en oor die algemeen landwyd, adem 'n sug van verligting, veral uit opbrengsvoorspellings. Mei is 'n maand waarin die opbrengste meer akkuraat geskat word, met somergewasse wat die hoogtepunt van hul ontwikkeling bereik het.

Oesbeplanning is in volle gang en daarmee saam bemarking, wat volgens sakekenners een van die groot vyf is as dit kom by 'n suksesvolle en volhoubare besigheid. Mei is ook die maand waarin Graan SA waarskynlik die grootste landbouskou in Suider-Afrika, naamlik die NAMPO Oesdag, huisves. 'n Skou wat bekend staan vir aktiwiteite vol pret, insiggewende uitstallings, goeie kos en wat Xhosa-sprekende entoesiaste beskryf as '*ixesha elimyoli*', kortweg vertaal as 'n tyd van goeie pret en vreugde.

Vanaf 'n plantseisoen met baie druk en kommerwekkende gewasontwikkeling, kan ons regtig sê dat Mei 'n goeie maand kan wees uit 'n verwagte oesperspektief en dit is 'n maand waarin boere in moeilike en uitdagende omstandighede trots kan wees op hul pogings.

Gelukkige oestyd aan almal! ■

Met behulp van die Graan SA mentors, hulp van programme soos die Graan SA vennootskap met die Jobs Fund en met groot steun van agribesighede wat verbind is tot suksesvolle boereontwikkeling en grondhervorming, het Graan SA boerelede dus aansienlik beter opbrengste beleef. **Dit was beide wonderlik en uitdagend!**

- Dit is **wonderlik** omdat bemoeidigende getuienis van boere van Mpumalanga, KwaZulu-Natal tot die Oos-Kaap, ons vertel hoe hulle nie net genoeg kos het om huishoudelike voedselsekerheid te verseker nie, maar hulle het ook oormaat graan om hul vee te voer en ook nog om te verkoop. Sommige boere het die skaal van hul boerderybedrywighede verhoog omdat hulle in kennis en vertroue gegroei het.
- Dit is ook **uitdagend** omdat boere skielik baie meer graan moet hanteer as ooit tevore. Die veilige berging van graan het meer aandag en opleiding nodig gehad; hoofsaaklik weens 'n gebrek aan kennis en weens swak infrastruktuur in die plattelandse gemeenskappe. Daar is min maklik toeganklike silo's, paaie is swak, vervoer is duur en graanverwerking en meulens is ver. Hierdie uitdagings kan die potensiële wins van die oes verminder en benodig aandag.

Die geheim lê daarin om die regte ding, op die regte tyd, op die regte manier te doen.

BEMARKINGSPLANNE MOET NOOIT TOT OP DIE LAASTE MINUUT GELOS WORD NIE

Die bemarking van landgewasse in Suid-Afrika is gebaseer op 'n vryemarkstelsel. Elke boer is vry om te kies waar en wanneer om sy oes te verkoop. Hy kan alles dadelik verkoop of hy kan kies om die oes te stoor en dit stelselmatig te verkoop soos wat hy fondse benodig – of wanneer die prys verbeter.

The screenshot shows the Graan SA website interface. The top navigation bar includes links for ABOUT US, MEMBERSHIP, GRAIN ECONOMY, GRAIN RESEARCH, FARMER DEVELOPMENT, MAGAZINES, NEWS & EVENTS, NAMPO PARK, and NAMPO SHOW. Below this, there are buttons for 'View More Headlines' and 'Fall Armyworm Update'. The main content area is divided into two sections: 'Latest Reports' and 'Market Watch'. The 'Latest Reports' section lists various reports with their respective PDF file sizes. The 'Market Watch' section displays a table of market prices for different grain products.

Instrument	LastTradedPrice	Difference
QBRN	85.53	0.00
WMAZ	2918.00	39.00
YMAZ	2650.00	0.00
SOYA	4750.00	25.00
SUNB	5331.00	0.00
WEAT	4530.00	49.00

Besoek die Graan SA webwerf, www.grainsa.co.za, om meer inligting oor die huidige markpryse te vind.

Dit is die verantwoordelikheid van elke boer om pryse vir sy produkte te onderhandel. Boere se besluite moet afhang van al die markkrigte betrokke – dus moet elke boer werk maak daarvan om op hoogte te bly van die markpryse en ander verwante uitgawes. Dit sal hom die beste bemaatig om sy graan strategies te bemark.

LEES MEER

Hier is 'n paar skakels vir artikels wat aanlyn beskikbaar is:

- September 2017 – <https://www.grainsa.co.za/methods-to-reduce-mycotoxin-exposure>
- Augustus 2017 – <https://www.grainsa.co.za/mycotoxin-impact-on-animal-health>
- Junie 2017 – <https://www.grainsa.co.za/mycotoxins-and-human-health>
- Mei 2012 – <https://www.grainsa.co.za/maize-mycotoxin-research-at-the-arc-gci>

GEVOLGTREKKING

Selfs indien jy 'n kleinboer is, kan jy baie geld bespaar as jy tyd neem om te beplan hoe jy jou graan na oes sal gebruik en bemark. Maak seker dat jy al die verborge koste en risiko's oorweeg het, sodat jy elke seisoen die hoogste moontlike opbrengs op jou belegging kry. ■

None of us, including me, ever do great things. But we can all do small things, with great love, and together we can do something wonderful.

~ MOTHER TERESA

OESSKATTINGS

– om te meet, is om te weet

TERWYL DIE PRODUKSIESEISOEN VIR KONTANTGEWASSE VORDER, OF DIT NOU DROËLAND OF ONDER BESPROEING IS, IS DIE BOER BAIE GEÏNTERESSEERD IN 'N FINALE SKATTING VIR DIE VERSKILLENDIGE GEWASSE WAT VERBOU WORD.

In die praktyk sal die akkuraatheid verbeter sodra die gewasstadium fisiologiese volwassenheid bereik, of dit nou sojabone, sonneblom, mielies, koring, of enige ander kontantgewas is. 'n Akkurate skatting so vroeg as moontlik sal gemoedsrus gee oor die moontlike totale opbrengs en inkomste, die moontlikheid van onderhandeling vir 'n goeie prys op Safex, kommunikasie van die goeie en slegte nuus aan jou bankiers en vennote, verhoging van jou gewasversekering, berging en verkoop van die gewas.

Die teoretiese maatstaf vir groeistadiums by gewasse kan in die praktyk grootliks verskil van die beplanning wat fokus op verskillende gewaskultivar karaktereenskappe as gevolg van die werklike hitte-eenhede, reënval en klimaat wat op jou plaas ervaar word.

Die gewasopbrengs skattings en moontlike oesramings vir 'n reeks gewasse aangeplant, sal help met jou beplanning vir die einde van die seisoen. Die proses sal jou in staat stel om al die landbouge-was maatstawwe wat jy vir die seisoen beplan het, te vergelyk met die werklike syfers. Al hierdie pogings sal jou help om jou standarde vir die produksie van die volgende gewas te verbeter. Die fokus van hierdie artikel sal wees op opbrengsvasstelling vir mielies.



Geskryf deur 'n afgetrede boer

1 Gemiddelde plantpopulasie op die land.				
Die grootte van 'n ha				
Beskrywing	Lengte in meter	Wydte in meter	Grootte in vierkante meter	Totaal
Sel aanwysing	A	B		
Formule			A x B	
Grootte van 'n ha	100	100	10 000	Vierkante meter
Plantpopulasie per ha				
Toets nommer	1	2	3	
Plante oor afstand van tien meter in die ry	20	15	18	
Rywydte	0,92			
Rye per 100 meter (een kant van 'n ha)	109			
Plante per 100 meter	200	150	180	
Plante per ha	21 739	16 304	19 565	57 609
Gemiddelde plante per ha				19 203

2 Mielies – gewasopbrengs skatting.									
Bepaal die massa of gewig van die saad of pitte per plant									
Toetsvoorbeeld: Toets 1									
Koppe op tien plante	1	2	3	4	5	6	7	8	Totale
Rye per kop	14	16	14	16	12	14	14	16	
Pitte per ry	41	43	38	33	43	34	31	33	
Aantal pitte/kop	574	688	532	528	516	476	434	528	4 276
Koppe op tien plante	9	10	11	12	13	14	15	16	
Rye per kop	14	16	14	16	12	14	14	14	
Pitte per ry	28	22	31	33	28	22	34	34	
Aantal pitte/kop	392	352	434	528	336	308	476	476	3 302
Koppe op tien plante	17	18	19	20	21	22	23	24	
Rye per kop	14	16	14	16	12	14	14	14	
Pitte per ry	28	22	31	33	28	22	34	34	
Aantal pitte/kop	392	352	434	528	336	308	476	476	3 302
Koppe op tien plante	25	26	27	28	29	30	31	32	
Rye per kop	14	16	14	16	12	14	14	14	
Pitte per ry	28	22	31	33	28	22	34	34	
Aantal pitte/kop	392	352	434	528	336	308	476	476	3 302
Totale aantal pitte wat op al die koppe getel is									14 182

Om te meet, is om te weet is 'n bruikbare spreekwoord wanneer jy sleutel prestasieareas in gewasproduksie bestuur.

MIELIES
Daar is klein verskille wat gemaak kan word met berekeningsmetodes, maar die produsent moet onthou dat vorige gewas-ondervinding met ramings wat gemaak is in vergelyking met die werklike oes, ook sal help om berekeninge meer akkuraat te maak.

GEVOLGTREKKING
“Om te meet, is om te weet” is 'n bruikbare spreekwoord wanneer jy sleutel prestasieareas in gewasproduksie bestuur. Hoe meer gereeld jy oesskattings op 'n praktiese wetenskaplike manier doen, hoe meer akkuraat sal jy word in jou gewasopbrengs skattings gedurende toekomstige produksiejare.

1

BEPAAAL DIE PLANTPOPULASIE PER HA

Hierdie berekening kan voor plant gedoen word om die opbrengsdoelwit vir verskillende kultivars te bepaal en weer na plant om vas te stel of die finale plantestand na opkoms genoeg is vir gewas en gewasopbrengs skattings vir versekeringsdoeleindes en weer teen fisiologiese volwassenheid voor oes.

Tel die aantal plante per tien meter in die ry waar jy die koptelling en pitmassa toetse doen. Bereken die gemiddelde plantpopulasie op die land. Sien die berekeninge in **Tabel 1**.

Die bepaling vir gemiddelde plante per hektaar is gebruik in Stap 2 – die gemiddelde saadmassa of gewig per plant is bereken.

2

BEPAAAL DIE PIT OF SAADMASSE OF GEWIG PER KOP EN PLANT

2.1 Bepaal totale koppe per tien meter

Tel die koppe in 'n ry om 'n gemiddeld te verkry uit drie rye van die aantal lewensvatbare koppe per tien meter rye. Meet tien meter af met 'n maatband enige plek in drie verskillende rye of drie rye wat verteenwoordigend is van die hoofgewas, met goeie ontwikkelde koppe wat gebruik kan word in die opbrengsskatting.

2.2 Rywydte

Meet die afstand tussen rye op verskillende plekke. Dit is gewoonlik 0,92 m of 0,75 meter, of aangeplant in treinspoorrie met veranderlike ryspasiëring tussen die twee smal rye en die buitelyste. 'n Gemiddelde afstand tussen die rye kan bereken word.

3

MASSA OF GEWIG VAN SAAD PER KOP EN PLANT

3.1 Tel die aantal koppe op tien opeenvolgende plante en verwyder die buiteblare wat die pitte toevou.

3.2 Tel die aantal rye op elke kop en sit die hoeveelheid in die voorbeeld in **Tabel 2**.

3.3 Tel die aantal sade in 'n gemiddelde ry en sit die hoeveelheid in Tabel 2 in. (Slegs pitte wat sal bydra tot die oes).

Bestudeer Tabel 2 as 'n voorbeeld van berekeninge wat benodig word. Versamel die inligting benodig om in staat te wees om die gemiddelde massa of gewig van die saad of pitte per kop en plant te bereken.

Die aantal koppe wat getel is per tien plante kan varieer, in 'n normale oes van ten, tot 30 in uitsonderlike jare. Tabel 2 as 'n voorbeeld, toon 'n volle 32 koppe vir Toets 1. Drie toetse per land moet gedoen word om 'n verteenwoordigende opbrengsskatting te verkry. Onthou dat ons die massa van die saad per kop en plant bereken, maar die massa per plant gebruik in die finale opbrengsberekening.

4

BEPAAAL DIE OPBRENGS PER HEKTAAR VAN JOU MIELIE-OES

Gewig of massa per pit

Soos gesien kan word in Tabel 2, aanvaar ons 'n pitmassa van 0,28 gram. Dit kan varieer van 0,22 gram tot 0,34 gram, afhangend van die reën wat ontvang is, algemene grondvrugbaarheid, vogtoestande gedurende die groeistadiums van die gewas, hittegolwe gedurende bestuiwing en saadstelling of koue wat ervaar is en stres van onkruidkompetiesie, plantsiektes en insekshade.

Hou koppe van vorige gewasse en tel en meet klein, medium- en groot pitmassa, asook totale kopgewig. Met meer ondervinding kan die boer 'n eenvoudige oesraming doen deur die gebruik van totale plantpopulasie, aantal koppe per plant en gemiddelde gewig per kop en 'n moontlike opbrengs scenario bereken op verskillende stadiums na bestuiwing en baardvorming.

3

Bepaal die opbrengs per hektaar van jou mielie-oes.

Bepaling van die opbrengs van mielies per hektaar

Beskrywing	Plante	Pitte/toets	Gemiddelde pitte/plant	Massa/pitte gram	Gram/plant	Plant populasie/ha	Totale gram/ha	Totale kg/ha	Totale opbrengs ton/ha
Hoofletter	A	B	C	D	E	F	G	H	
Formule			B/A		C * D	Van plant-populasie toets	E * F	G/1 000 gram/kg	H/1 000 kg/ton
Totaal Toets 1 (bo)	10	14 182	1 418	0,28	397				
Totaal Toets 2 (byvoorbeeld)	10	10 543	1 054	0,28	295				
Totaal Toets 3 (byvoorbeeld)	10	12 100	1 210	0,28	339				
Totaal (gemiddeld)	30	36 825	1 228	0,28	344	19 203	6 602 725	6 603	6,60
Gesimuleerde opbrengs teen verskillende pitmassa of saadmassa									
Teen 'n pitmassa van				0,21	258	19 203	4 952 043	4 952	4,95
Teen 'n pitmassa van				0,35	430	19 203	8 253 406	8 253	8,25

Kyk terug en vooruit na die mielieprys

TERWYL DIE 2018/2019 SEISOEN TOT 'N EINDE KOM, WAS DIT 'N MOEILIKE SEISOEN VIR BOERE AS GEVOLG VAN BAIE FAKTORE, MET DROOGTE WAT 'N GROOT ROL GESPEEL HET EN DIE GROOTSTE DEEL VAN DIE WESTELIKE AREAS WAT LAAT, OF GLAD NIE GEPLANT HET NIE.

Die vraag in almal se gedagtes is of daar genoeg mielievoorrade sal wees om in die vraag na beide huishoudelike en uitvoerverbruik te voldoen. Suid-Afrika verbruik gemiddeld 10,5 miljoen ton mielies per jaar, met 'n gemiddelde opbrengs van ongeveer 5 t/ha.

Soos aangedui in **Tabel 1**, was mielieproduksie vir 2016/2017 en 2017/2018 onderskeidelik 9,9 miljoen ton en 16,8 miljoen ton. Volgens die Oesskatting Komitee word mielieproduksie geskat op 12,5 miljoen ton vir die 2018/2019 seisoen, terwyl dit na verwagting 10,51 miljoen ton vir die 2019/2020 seisoen sal wees.

As ons kyk na produksie in 2018/2019, het Suid-Afrika weens surplusproduksie, hoër eindvoorrade in vorige seisoene gehad, wat boere daartoe gelei het om van mielieproduksie na alternatiewe gewasse te beweeg. Intussen, as gevolg van droë toestande vir die 2019/2020 seisoen, het boere laat geplant, sommige het nie daarin

geslaag om te plant nie, terwyl ander sonneblom gekies het, omdat dit 'n langer plant vensterperiode het.

Produksie en eindvoorraad vir 2019/2020 word na verwagting laer as die vorige jaar geskat, met onderskeidelik 16% en 32%, terwyl uitvoere na verwagting met sowat 57% sal daal. Die verbruik sal na verwagting styg tot byna 11 miljoen ton, wat beteken dat die land net genoeg sal hê om te verbruik.

Die grootte van produksie word beïnvloed deur weerstoestande, wat die oppervlakte aangeplant beïnvloed en uiteindelik die prys van die gewas. Daar is egter ander faktore wat mieliepryse beïnvloed; dit sluit in die beskikbaarheid van inligting en die wisselvallige rand/dollar wisselkoers. As die rand swak is, word pryse hoër ondersteun en as die rand sterk is, plaas dit druk op mieliepryse soos gesien in **Grafiek 1**.


As ons reflekteer op die twee seisoene voor 2018/2019; in 2016/2017 het plaaslike mieliepryse teen uitvoerpariteitsvlakke van sowat R3 056 per ton verhandel, weens 'n tekort aan mielies in die mark. Vir die beste deel van die 2017/2018 seisoen, het plaaslike mieliepryse op uitvoerpariteitsvlak van R1 966 per ton verhandel, hoofsaaklik as gevolg van 'n surplus vir daardie tydperk.

Vir 2018/2019 het mieliepryse verhandel tussen invoer en uitvoerpariteit, met gemiddeld R2 300 per ton, nader egter aan uitvoerpariteit. In die lig van die 2019/2020 seisoen, met inagneming van huidige produksieskatting, verwagte beëindiging van voorraad en wisselvalligheid van die rand, sal pryse na verwagting nader aan invoerpariteit beweeg, wat op 2016/2017 vlakke kan wees. ■



Ikageng Maluleke, Junior Ekoonoom, Graan SA. Stuur 'n e-pos na Ikageng@grainsa.co.za

1 Mieliepryse en Rand/dollar koers.



1 Aanbod en vraag van mielies.

Aanbod en vraag	2016/2017	2017/2018	2018/2019 (Skattings)	2019/2020** (Vooruitskatting)
Produksie (tonne)	9 955 000	16 820 000	12 510 000	10 510 000
Gemiddelde verbruik per jaar	10 101 000	10 599 000	10 964 000	10 837 000
Eindvoorraad (tonne)	1 095 000	3 689 000	2 728 000	1 851 000
Uitvoere (tonne)	1 026 000	2 482 000	2 278 000	980 000

* Syfers soos op Maart 2019
Bron: Graan SA

MAAK JY VORDERING?

– Hou tred sodat jy kan weet

DIE AFRIKAANSE GESEGDE LUI: “OM TE MEET, IS OM TE WEEET”. DIT IS BAIE WAAR OOK IN DIE BOERDERYOMGEWING. VIR ALLES IS DAAR ’N NORM, ’N BO-GEMIDDELDE NORM EN ’N ONDER-GEMIDDELDE NORM. EEN VAN DIE FUNDAMENTELE SLEUTELS TOT SUKSES IS OM TE WEEET WAAR JY INPAS.

Nie almal is suksesvolle boere nie; trouens, daar is min uitsonderlike goeie boere. Die enigste manier waarop jy werklik sukses sal behaal, is om ’n maatstaf te hê en doelwitte te hê. ’n Mens het konsekwente verbetering nodig om in besigheid te kan bly. Om te verbeter, moet jy jou prestasie jaar na jaar kan dophou. Kom ons kyk na strategieë wat jy kan gebruik om dit te doen.

Gavin Mathews, Baccalaureus
in Omgewingsbestuur. Stuur ’n
e-pos na gavmat@gmail.com



BEGINPUNT

Miskien het jy nog nooit een stukkie data in jou boerderyloopbaan aangeteken nie. Miskien geniet jy dit nie om agter ’n lessenaar te sit en syfers te ontleed nie. As dit die geval is, kom ons kyk hoe om te begin.

Eerstens moet jy met ’n baie kritiese standpunt begin. Jy moet net die beste van jouself verwag in alles wat jy doen. Om ’n beginpunt te kry,

1 'n Basiese voorbeeld van die aantekene van inligting.

Jaar 2018					
Uitgawes	Brandstof	Instandhouding	Arbeid	Saad	Kunsmis
	R50 000	R25 000	R30 000	R80 000	R65 000
Inkomste	Mielies	Sonneblom	Bone	Kontrakteur	
	R100 000	R50 000	R10 000	R5 000	
Opbrengs	Land 1	Land 2	Land 3	Land 4	Land 5
	Mielies 4,5 ton	Sonneblom 1,2 ton	Mielies 3 ton	Sonneblom 0,5 ton	Bone 0,8 ton



Vergelyk inligting tussen lande en seisoene
– dit sal jou help om inligtinge besluite te maak.

kan jy oorweeg om die syfers aan te teken wat jy kan onthou, dalk die vorige seisoen se data. ’n Mens wil slegs kwantitatiewe data opneem, naamlik opbrengste, pryse, plantdatums, oesdatums, uitgawes, inkomste, ensovoorts.

Sodra jy besluit het watter syfers jy wil aantekene en op datum wil hou, moet jy ’n maklike, gebruikersvriendelike metode opstel om hierdie inligting vas te lê. Dit moet iets wees waarmee jy gemaklik is en iets wat dieselfde bly. Jy kan dit op ’n Excel sigblad, of in geskrewe vorm in ’n logboek doen. Doen wat die beste by jou pas.

Sodra jy ’n formaat ontwerp het wat vir jou werk, kan jy die data begin invul. Wees eerlik en akkuraat in alle opsigte. As jy probeer om jou prestasies te oorskat, sal jy niemand anders as jouself bedrieg nie. Probeer jou bes om deeglik te wees. Dit is duidelik dat indien jy van jou geheue begin werk, kan foute verwag word en dit is goed so, ten minste is die bal aan die rol.

WEES KONSEKWENT

Vandag se data is net so goed soos gister s’n. Die rede waarom ons rekords hou, is om te verbeter en as ons nie konsekwent is met ons opname nie, sal ons nooit weet of ons verbeter nie. Probeer om in ’n gewoonte te kom oor die aantekene van inligting soos dit beskikbaar word. Sodra jy klaar is met die oes van ’n land, bereken jou gemiddelde opbrengs op daardie land deur jou weegstrookies te gebruik en aan te teken. Wanneer jy geld spandeer op instandhouding, teken

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein, 9301
■ 08600 47246 ■
■ Faks: 051 430 7574 ■ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
■ 082 854 7171 ■ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebe
■ 084 264 1422 ■ liana@grainsa.co.za

UITGEWERSVENNOOT

INFOWORKS
Johan Smit ■ Ingrid Bailey ■ Marisa Fourie
■ 018 468 2716 ■ johan@infoworks.biz



Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
■ 079 497 4294 ■ johank@grainsa.co.za
■ Kantoor: 051 924 1099 ■ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombathi

Mpumalanga (Nelspruit)
■ 084 604 0549 ■ jerry@grainsa.co.za
■ Kantoor: 013 755 4575 ■ Smangaliso Zimbili

Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
■ 082 354 5749 ■ jurie@grainsa.co.za
■ Kantoor: 034 907 5040 ■ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Dundee)
■ 082 650 9315 ■ dundee@grainsa.co.za
■ Kantoor: 012 816 8069 ■ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier

Oos-Kaap (Kokstad)
■ 083 730 9408 ■ goshenfarming@gmail.com
■ Kantoor: 039 727 5749 ■ Luthando Diko

Liana Stroebe

Wes-Kaap (Paarl)
■ 084 264 1422 ■ liana@grainsa.co.za
■ Kantoor: 012 816 8057 ■ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)
■ 082 877 6749 ■ dutoit@grainsa.co.za
■ Kantoor: 012 816 8038 ■ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade

Mthatha
■ 071 519 4192 ■ sinelizwifakade@grainsa.co.za
■ Kantoor: 012 816 8077 ■ Cwayita Mpotyi

PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywers en nie die van Graan SA nie.



Maak jy vordering?...

dit aan. Wanneer jy insette koop, teken jou uitgawes aan. Probeer jou bes om niks te mis nie, aangesien dit die akkuraatheid van jou data sal verander.


GEBRUIK JOU DATA

Sodra jy 'n databasis oor 'n paar seisoene begin ontwikkel het, kan jy die inligting gebruik om jou prestasie te monitor. In die voorbeeld van data in **Tabel 1**, het Land 1 'n gemiddelde mielie-oes van 4,5 ton gehad, maar Land 3 het slegs 'n 3 ton opbrengs behaal. Hoekom het dit gebeur? Indien jou volgende jaar se data weer Land 3 toon met 'n onder-gemiddelde opbrengs, moet jy noukeurig na die situasie kyk. Miskien het Land 3 onvoldoende voeding-stowwe.

Jy kan nou op hierdie inligting handel en 'n grondontleding doen om die probleem te probeer regstel. Indien hierdie inligting nie aangeteken was nie, sou jy nie verbeter het nie. Deur die gebruik van die data wat jy aanteken, kan jy ook baie belangrike begrotingsbesluite neem. As jy byvoorbeeld sien dat jou instandhoudingsuitgawes jaar na jaar toeneem, moet jy dalk kyk na wat dit is wat jou soveel geld kos. Miskien moet jy oorweeg om nuwe toerusting te koop. Dit is slegs 'n paar voorbeelde van die gebruik van die data om ingeligte besluite te neem om jou besigheid te verbeter.

OORWEEG DIE KLIMAAT

Landbou is afhanklik van die natuur en die omgewing. Dit is een aspek van ons besig-



Monitor jou vordering deur reënvalrekords te hou.

heid waaroor ons nie beheer het nie. Ons kan egter nog steeds klimaatstoestande aanteken om ons ander data beter te verstaan. Maak 'n punt daarvan om dinge soos reënval en uiterste weersomstandighede aan te teken, byvoorbeeld vloede, droogte, hael, vroeë ryp.

Indien jou opbrengsresultate laag is en jou reënvalrekords laag was in dieselfde jaar, kan jy die verband beter verstaan. Nog 'n voordeel van die aanteken van die weer is dat ons kan leer om die weer beter te verstaan en in sommige gevalle selfs rowwe voorspellings kan doen van wat die weer in die toekoms kan doen.

As ons stagnant bly en nooit verbeter nie, is die kans op sukses skraal. Deur rekords te hou, bou ons 'n historiese kaart op om ons te help om besluite te neem in die seisoene wat voorlê. ■



Ou silo's vir graanberging.



HIERDIE PUBLIKASIE
IS MOONTLIK GEMAAK
DEUR DIE BYDRAE VAN
DIE MIELIETRUST